

3 November

Egte verootmoediging beteken om God se verbondstrou te bely

Skrifgedeelte: Deuteronomium 8

Fokusgedeelte: Deuteronomium 8: 2, 3, 18

God maak ons deel van 'n verbondsvolk wanneer ons aan hom behoort. Dit beteken dat Hy ons deel van 'n huisgesin maak en soos 'n Vader ons as sy kinders versorg.

Hy het homself met 'n eed aan sy volk verbind. Sy volk is sy kosbare eiendom. Hy maak sy volk oor eeue heen bymekaar, bewaar en onderhou hulle sonder dat hulle dit verdien het.

In sy Vaderlike sorg lei Hy ons soms deur moeilike tye, soos wat die volk Israel dit tydens hulle reis deur die woestyn beleef het. Met tye wat daar niks te eet was nie, het Hy manna gegee. Met tye wat daar geen water was nie, het hy op wonderlike maniere fonteine gegee. Met tye wat hulle ondankbaar, ongehoorsaam en ontrou was, het Hy hulle getug en opgevoed. So het Hy met sy heilige opvoeding hulle geslyp en gevorm om hulle te leer om onwrikbaar op Hom alleen te vertrou.

In hierdie hoofstuk word die volk opgeroep om terug te dink aan die hele pad waarlangs die HERE hulle gelei het. Die sin van God se pad wat vir hulle lank en moeisaam was, is dat die HERE hulle wou leer en opvoed om te besef dat Hy alles is en sy liefde die volheid van hulle lewens is. Dit is God se verbondstrou ten spyte van hulle ontrou dikwels: Die HERE ons God alleen gee krag om rykdom te verwerwe. Hy bevestig sy verbond wat Hy eeue gelede aan Abraham met 'n eed beloof het.

Die Nuwe Testament maak dit duidelik dat almal wat hulle volle vertrouwe op Jesus Christus plaas, deel is van hierdie verbondsbeloftes wat met Abraham gemaak is (kyk Rom 4:16).

As ons na ons eie geskiedenis terugkyk, is daar niks waarin ons op onself kan roem nie. Laat ons maar besef: Eie roem stink! Dit is alleen God se trou wat sy kerk laat voortbestaan. Feesvieringe moet ons lei tot ootmoedige dank: Dankie, dankie, o troue God. Ten spyte van ons baie mislukkings en sonde is daar tog vir ons 'n toekoms, want u verbond staan vir ewig vas, met ons en ons kinders tot in die duisendste geslag uit elke volk en taal en nasie.

Sing: Psalm 105:5 (Totius)

Dr. Flip Buys